ELARDUSPARK TENNISKLUB
Kampioenskappe 2012

1. Die kampioenskappe begin op 28 Januarie 2012 en duur tot 24 Maart 2012.
2. Die sluitingsdatum is streng 21 Januarie 2012.
3. Wedstryde word op Saterdae vanaf` 12:30 gespeel. Oggend- en aandwedstryde kan ook gereël word vir die wat beskikbaar is.
4. Dubbels en enkels word volgens die spinnekop-stelsel gespeel waardeur die verloorders in elke rondte in afsonderlike kompetisies meeding. `n Wedstryd bestaan uit twee uitklopstelle op ses-elk en, indien nodig, `n super-uitkloppot (dit is `n minimum van tien punte en die wenner moet met minstens twee punte wen).
5. Om die aantal wedstryd te verminder, sal wedstryde waar teenstanders meer as ‘n voorafbepaalde aantal rangposisies verskil, automaties aan die die hoër gekeurde paar/speler toegeken word.
6. Slegs die *hoofkompetisie* se finale sal bestaan uit drie volle uitklopstelle, *geen ander wedstryde nie*.
7. Spelers word gekeur volgens die ranglyste op 21 Januarie 2012.
8. Die wedstrydbepalings sal elke Woensdag om 20:00 by die klubhuis beskikbaar wees en ook op die webwerf (adres: http://www.elarduspark.co.za/).
9. Twee nuwe balle sal vir elke wedstryd beskikbaar gestel word. As die spel onderbreek word, moet die wedstryd later met dieselfde balle hervat word. Indien beskikbaar, het die spelers ook die opsie om eerder met 3 goeie ou balle te speel.
10. **Slegs lede wie se ledegelde betaal is mag aan die kampioenskappe deelneem.**
11. Die kampioenskaporganiseerders is Johan du Toit (084 512 8914), Marietjie le Roux (083 399 6665) en Helmut Kristen (083 326 7735).
12. Spelers wat gereeld beskikbaar is sal aan die einde van die kampioenskappe bevoordeel word met ‘n paar plekke op die ranglys. Sien agterkant van die vorm vir spesifieke inligting.
13. Spelers moet bereid wees om per Saterdag dieselfde hoeveelheid wedstryde te speel as die aantal kompetisies waarvoor hulle ingeskryf is. ∴ As iemand bv. vir damesdubbels en gemengde dubbels inskryf, moet die persoon bereid wees om 2 wedstryde per Saterdag te speel indien nodig.
14. Dit mag nodig wees om wedstryde onder ligte klaar te speel.
15. **NB! Die komitee behou die reg om in enige geval van twis die finale besluit te hê!**

INSKRYWINGSVORM

(sluitingsdatum 21 Januarie 2012)

Naam en van: …… ID-no. …….
Telefoon:(h)……..(w)…….(sel)……..…
Eposadres: ……

	JA/NEE	MAAT	GELD
Gemeng	……..	……..	R45
Damesdubbels	……..	……..	R45
Mansdubbels	……..	……..	R45
Enkels	……..	……..	R45
		TOTAAL	R…

- Dui aan indien jy graag wil speel, maar nie ‘n maat het nie.

Dae nie beskikbaar nie _____
Is u bereid om op Saterdaeoggende te speel? _____
Is u bereid om op Saterdaeaande te speel? _____

MY LEDEGELD IS BETAAL/UITSTAANDE

……..
HANDTEKENING

1. Ledegeld nagegaan: Ja/Nee
2. Inskrywingsgeld ontvang: R…… ……(komiteelid)

Puntestelsel

Algemeen:

- Die kampioenskapspunte word bepaal as volg:
  - 40% mans-/damesdubbels, 40% gemeng en 20% enkels, of
  - 50% mans-/damesdubbels en 50% gemeng.
- Ranglysposisies na die kampioenskappe word as volg uitgewerk: 40% ranglys (voor kampioenskappe) en 60% kampioenskapspunt.
- Geplaasde spekers se kampioenskapspunt sal 100% tel op die diskresie van die komitee.

Bonuspunte vir semi-finaliste:

- Bonuspunte sal aan die einde van die kampioenskappe by die kampioenskapspunt getel word vir alle finaliste. Die punte word as volg verwerf:
  - 4 punte vir die wenner/s.
  - 3 punte vir die naaswenner/s.
  - 2 punte vir die speler/s wat 3de eindig.
  - 1 punt vir die speler/s wat 4de eindig.

Puntestelsel vir beskikbaarheid:

- Elke speler wat inskryf kry aan die begin van die kampioenskappe 10 punte. Wanneer ‘n speler nie beskikbaar is nie, sal daar van die punte afgetrek word. Die oorblywende punte sal aan die einde by die **kampioenskapspunt** getel word.
- Aftrekkings sal by ‘n punt van 0 gestaak word.
- Spelers wat glad nie kampioenskappe speel nie sal dus relatief met 10 kampioenskapspunte gepenaliseer word en behoort omtrent 6 plekke op die finale ranglys te val.
- Elke speler word toegelaat om **op sy/haar inskrywingsvorm** 2 Saterdae te spesifiseer wat hy/sy nie beskikbaar is om te speel nie (laaste 2 Saterdae uitgesluit). Spelers sal in sulke gevalle geen punte verloor nie.
- Punte word as volg afgetrek:
  - 1 punt as die organiseerders voor of op die **voorafgaande** Saterdag in kennis gestel word dat die speler nie beskikbaar is vir ‘n spesifieke Saterdag nie.
  - 2 punte **PER WEDSTRYD** as ‘n speler minder as ‘n week voor die gegewe Saterdag onttrek.
  - 3 punte **PER WEDSTRYD** as ‘n speler op die Saterdag onttrek of nie opdaag nie.
- Vir die laaste 2 Saterdae van die kampioenskappe sal 1 ekstra punt afgetrek word saam met die bogenoemde punte.
- As die wedstryde wat op die Saterdag gepeel sou word prysgegee word, sal geen punte afgetrek word nie.
- As die wedstryd wat nie op die Saterdag gespeel kon word nie voor daardie Saterdagmiddag wel gespeel word, sal daar ook geen punte afgetrek word nie. Spelers moet self reëlings in die verband tref.
- Die komitee sal dus poog om so ver as moontlik geen “walk-overs” toe te ken nie. As geskeduleerde wedstryde dus nie kan plaasvind nie, sal die betrokke spelers punte verloor soos bo genoem en die wedstryd sal herskeduleer word.
- NB – Die komitee sal poog om bogenoemde reëls streng toe te pas – Geen uitsonderings sal gemaak word nie!!!